


# VRYPOS

Tweeweeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**

# *Advent*

**24 NOVEMBER 2023** | JAARGANG 21

UITGAWE **20**

# INHOUD


## 03 VRYPOS-FOKUS

**03** Bedieningsbegeleiding | **"Ek het u dissipels gevra, maar hulle kon (nie)..."**
*Oor teologiese opleiding in 2024 en verder*

## 11 VERBI DIVINI MINISTER

**11** Erediens Netwerk | **Ons kyk op en ons sien ... wat?**

## 12 ARTIKELS

**12** Vennote in Getuienis | **Goeie bestuur - die sleutel tot 'n meer volhoubare kerk en kerklike instansies**

**12** Vennote in Getuienis | ***"The love of Christ compels us"***

**12** Vennote in Getuienis | **Hoe om teenoor Moslems, wat aan jou bekend is, te getuig**

**12** Afrika-Ekumene | **Ontmoet ons Matie-teologiestudente uit Malawi**

**12** Afrika-Ekumene | ***"Help us move from being churched to being changed."***

**12** Algemeen | **NG Gemeente Goedemoed**

## 13 MEDIATEEK

**13** Boek en Inventaris | ***Letters to a Young Theologian***, Henco van der Westhuizen

## 16 EKOLOGIE

**16** **"God is met ons op pad"** | 'Global scorching'

## 17 AKTUEEL ALGEMEEN

**17** Algemene Sinodenuus | Deel 3

**19** Advertensies

**22** Opfrissingskursus vir spirituele begeleiers | 2024

## 23 OPLEIDING

## 24 NUUSBRIEWE PUBLIKASIES BROKKIES UIT KERKBODE

NUUT

## 25 WAT'S NUUS? KALENDER VAKATURES AFLOSLERAARS

## 26 VERJAARSDAE

## 27 *BLÊR*-REEKS KINDERSTORIES

## 29 'N LAASTE GEDAGTE

## 31 KONTAK ONS

## FOTO'S

Voor- en agterbladfoto:
**Gordon Mackie & Stewart Watt**
Canva | Pixabay | Flickr
Pexels | Pixton | Tensy
anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Jan Lubbe | Mariëtte Odendaal | Enrico Casaleggio | Martin Laubscher | Cobus Hamman | Gemeente-geskiedenisargief | CLF VrydagNuus, Kaapkerk Kerkbode | Bybelmedia Blêr | Martin Schwella

---

## LOER, LEES EN LEER

saam met ons in hierdie uitgawe en laat weet ons asseblief wat jy dink!

## DAGBOEK DÍT

***16-18 FEBRUARIE 2024**
**VROUEKONFERENSIE**
Hebreërs 11:1
**Deel van God se Storie**
Amanzi Private Game Reserve | Kom wees deel
**BESPREEK NOU!**

## VOLGENDE VRYPOS

Die laaste 2023-uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 8 Desember**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR


BYDRAES EN NAVRAE
cmclean@ngkvs.co.za

**CELICIA MCLEAN**

ngkerkvrystaat.co.za




VRYPOS-FOKUS

# "Ek het u dissipels gevra, maar hulle kon (nie)…" *Oor* ***teologiese opleiding*** *in 2024 en verder*

DEUR DS JAN LUBBE

Die jaarlikse Kuratoriumvergadering van die NG Kerk Vrystaat het op Maandagoggend, 13 November 2023 geopen met 'n oordenking van 'n ontmoeting tussen Jesus en 'n besorgde pa, en Dinsdagaand op 'n hoogtepunt met die legitimasie en erediens in 'n vol Bainsvlei NG Kerk afgesluit. Wat was die belangrikste uitkomste van vanjaar se vergadering?

**Vyf besluite sou uitgesonder kon word.**

Eerstens, rakende die samestelling en funksionering van die Kuratorium. Die afgelope drie jaar is daar seker gemaak dat 'n verteenwoordiger uit elke ring van die NG Kerk Vrystaat die vergadering bywoon, en vanjaar was daar onder hulle ervare dominees (oudstudente van Kovsies, 1980's en 1990's), nuwelinge wat die afgelope vyf jaar hier afstudeer het, mans en vroue.



*Kuratorium van die NG Kerk Vrystaat*

Uit 7 van die 10 sinodes van die NG Kerk was daar verteenwoordigers en ons was veral bly oor ds. Hestie Hay (ook 'n oudstudent) wat uit Windhoek gekom het om die Namibiese stem in ons opleiding te laat hoor. Aan die einde van die vergadering is die waarde van hierdie verskeidenheid van stemme beklemtoon en is dit verbreed om vanaf 2024 ook 'n subkomitee van dosente verbonde aan die NG Kerk in die Fakulteit Teologie en Religie in te sluit.

'n Tweede besluit: Ons teologiese opleiding moet sodanig gestruktureer wees dat dit toeganklik is vir 'n groter verskeidenheid van studente. Vanjaar was daar 27 studente by ons Seminarium vir hul kerklike vorming en -begeleiding ingeskryf: 11 besig met hul BDiv-graad aan die Fakulteit; 5 vir die Nagraadse Diploma en 9 vir die diensleraar- en bedienaarsopleiding. Ons is dankbaar dat daar 'n groei in belangstelling en navrae oor teologiese opleiding is; bekendstelling en bemarking van die opleiding het verbeter en die Beursfonds van die NG Kerk Vrystaat speel hierin 'n groot rol.

Dit is duidelik dat die profiel van studente verander: Hulle is effens ouer as net tradisionele skoolverlaters; kom uit 'n groter verskeidenheid van agtergronde, dikwels reeds met jare se werkservaring in 'n ander beroep; wil veral deeltyds en ook aanlyn kan studeer, en het 'n sterk roepingsbesef wat hul na die bediening van die Woord trek.

Die derde besluit van die Kuratorium het daarom die akademiese en kerklike roete na legitimasie vir hierdie verskeidenheid van studente gekonkretiseer. Terwyl die Fakulteit tans met inspraak van die verskeidenheid van kerke by hul betrokke, die BDiv-graad herkurrikuleer sodat dit 'n afgeronde, vierjarige professionele kwalifikasie met die oog op 'n bediening in gemeentes en geloofsgemeenskappe sal wees, het die personeel van die Seminarium deeglik besin oor die gelyklopende kerklike programme vir ons studente.

Die vier bane van credo (teologiese identiteit en/in die NG Kerk), spiritualiteit (Bybelkennis, gebed, geestelike dissiplines, liturgie), persoonsontwikkeling en -vaardighede (eie profiel, gawes, verhoudings, konflik, trauma) en blootstelling aan die kerklike bedieningspraktyk eie aan ons konteks, is opnuut bevestig. Dit is egter veral die finale twee jaar van opleiding waaroor sterk besluite geneem is: Vir diensleraars gaan dit uit die nuwe Nagraadse Diploma bestaan; vir kandidate vir volle leraarsbevoegdheid uit 'n tweejarige MTh-graad met 'n spesialiteitskeuse vir die student; vir tweedeloopbaanstudente 'n kombinasie van die diploma en MTh, en wat ten minste drie jaar sal duur afhangende van hul vooraf-leer. Gelyklopend met hierdie akademiese opsies, verdiep en verbreed die kerklike programme in die Seminarium sodat dit óók akademiese werk insluit ...

Lees meer »



# TWINTIG23

## Legitimasie

NG GEMEENTE **BAINSVLEI**

# LERAARS MET VOLLE BEVOEGDHEID



## ANTON JACOBS

Fakulteit Teologie en Religie

Anton het 'n hart en passie vir die jeug. Hy is al twee jaar 'n jeugwerker by Grey College en tydens Jim Fouché Laerskool se middagstudie. Verdere belangstellings is musiek, omdat hy kitaar speel. Hy is baie lief vir evangelisasie en om Skrif met ander te deel. Hy geniet dit ook om mense te leer ken net soos hulle is, want almal het 'n storie om te vertel en hy wil dit graag hoor.



## MELISSA JACOBS

Fakulteit Teologie en Religie

Melissa se bedieningsveldbelangstellings is diep gegrond in haar roeping om pastoraal te bedien. Sy het 'n passie vir jongmense, gesinne en seniors (Gerontologie) en hoop om op só manier haar bediening te vorm en in te kleur na die wil van God.



## STEPHAN SWART

Fakulteit Teologie en Religie

Stephan het 'n passie vir prediking, barmhartigheid en omgee-groepe. Dit is vir hom 'n groot voorreg en vreugde om te kan preek en te worstel met God se Woord. Hy voel geroep om nie net God se Woord te verkondig nie, maar ook om 'n verskil in sy skepping te begelei, daarom sy liefde vir barmhartigheid. Hy het 'n hart vir verhoudingsbou met omgeegroepe in 'n gemeente.

# DIENSLERAARS



## DR HESTER FOURIE

NG Kerk Vrystaat | Diverse opleidingsbane

Dr Hester het 'n PhD in Praktiese Teologie deur die Universiteit van die Vrystaat (UV). Sy het 'n passie vir gemeenskapsbediening en -ontwikkeling en leef dit uit deur haar missionale diakonaat-benadering om Skrifgetrou te bedien en gemeenskappe te help groei.



## JACQUELINE SMITH

NG Kerk Vrystaat | Diverse opleidingsbane

Jacqueline het 'n verskeidenheid nagraadse teologiese opleiding, naamlik BTh, BAHons en MA in Bybelvertaling en PGDip Teologie deur die Universiteit van die Vrystaat (UV). Haar belangstelling in prediking, sending en gemeentebediening is diep gegrond in haar roeping om in diens te staan van Jesus Christus.



## ADRIAAN MAARTENS

NG Kerk Vrystaat | Diverse opleidingsbane

Adriaan voltooi sy Baccalaureus-graad in Teologie aan die Noordwes-Universiteit (NWU) in 2023. Jeug-kleingroepe is sy passie, veral jong volwassenes en pasgetroude paartjies. Hy is sterk verhoudingsgedrewe en luister graag aandagtig om 'n klankbord vir mense te kan wees. Pastoraat is 'n groot liefde - getroue Skrifprediking soos geopenbaar deur God die Vader, Jesus Christus en die Heilige Gees. Hy sien die wêreld as sy bedieningsveld en het 'n brandende passie om die liefde van Jesus Christus te deel.

# BEDIENAARS MET EREDIENSBEVOEGDHEID



## ANNALIE DU PREEZ

NG Kerk Vrystaat | Diverse opleidingsbane

Annalie het drie diplomas voltooi: Bediening, Sending en Christelike nood en trauma. Sy het ook verskeie jare diens as polisiereservis gelewer. Annalie stel veral belang in prediking in afgeleë plekkies en het 'n hart vir wêreldsending.



## LOUISA (KLEINTJIE) ERASMUS

NG Kerk Vrystaat | Diverse opleidingsbane

Louisa voltooi in 2023 'n Bedienaarskursus met Erediens-bevoegdheid. Bejaardebediening en -sorg is haar groot liefde - om seniors met die Woord van God te kan bedien en versorg. Verder stel sy ook belang in gemeente-administrasie/bestuur.



## CHRISTINE GROBBELAAR

NG Kerk Vrystaat | Diverse opleidingsbane

Christine voltooi in 2023 'n Bedienaarskursus met Erediens-bevoegdheid en begin 2024 met haar met BDiv-graad aan die Universiteit van die Vrystaat (UV). Haar belangstellingsvelde is: Aanbidding, bejaardebediening, berading, diakonaat, lering, evangelisasie, geloofsvorming, jeug- en familiebediening, kerk-planting, pastoraat, prediking, uitreikbediening, sending en ook gemeente-administrasie/bestuur.




## LEON SCHROEDER

NG Kerk Vrystaat | Diverse opleidingsbane

In 1988 verwerf Leon 'n (TEEC) Sertifikaat in Plaaslike Prediking deur Hugenote Kollege en voltooi in 2023 'n Bedienaars-kursus met Erediensbevoegdheid. Sy belangstelling in die bediening gaan vanuit die oortuiging dat hy geroep is om die jeug te bedien. Die grootste bedieningsvreugde wat hy ervaar is om verhoudings met jongmense te bou en hulle met die Woord van God te bedien en te begelei.













THEOLOGY AND RELIGION
UFS

NG Kerk
Vrystaat

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
EEN LIGGAAM EN EEN GEES

hugenote kollege

# Harllik geluk!



## AAN DIE PROPONENTE, FAMILIES EN GEMEENTES

Ons bid jul die seën
van **Psalm 134** toe

*"Kom prys die Here, julle wat in die nag in die tempel van die Here staan! Mag die Here jou seën uit Sion. Hy wat hemel en aarde gemaak het."*

# LEGITIMASIEVERKLARING

**"Ek, die ondergetekende, oortuig van my roeping deur die Here en toegelaat tot die openbare bediening van die Woord in die Nederduitse Gereformeerde Kerk, verklaar hiermee voor die Here**

dat ek glo dat die leer soos vervat in die drie algemene belydenisskrifte en die drie Formuliere van Eenheid – naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis *(Confessio Belgica)*, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, ooreenkom met die Woord van God;

dat ek hierdie leer getrou sal verkondig en uitleef;

dat ek alle dwalinge wat met hierdie leer in stryd is, sal weerlê en alles in my vermoë sal doen om dit uit die Kerk te weer;


dat, indien ek later enige beswaar of ander insig oor die leer ontwikkel, ek dit nie sal leer of bevorder voordat ek dit aan 'n bevoegde kerkvergadering vir 'n beslissing voorgelê het nie;

dat ek my aan die orde van die NG Kerk sal hou;

dat ek, om beroep te word, volgens die Kerkorde en besluite van die Nederduitse Gereformeerde Kerk sal optree;

dat ek my op die uitbreiding van die Koninkryk van God sal toelê deur die bevordering van die kennis van, vertroue in en gehoorsaamheid aan die Drie-Enige God;

dat ek myself verbind tot voortgesette bedieningsontwikkeling.




## HABAKUK 2:1

Op my wagpos wil ek gaan staan; ek wil stelling inneem op die vestingmuur, op die uitkyk wees om agter te kom wat Hy vir my gaan sê en wat ek mense moet antwoord oor my verwyt.

2020-VERTALING

*Baie dankie*

Ons waardeer u bydrae tot die sukses van die 2023 Legitimasieplegtigheid.

# DANKBAAR

*Legitimasie*

NG GEMEENTE **BAINSVLEI**

# ARTIKELS

## VERBI DIVINI MINISTER



# Ons kyk op en ons sien … *wat?*

**Deur** dr Martin Laubscher, Erediens Netwerk

Vroeg Saterdagoggend lees ek saam met 'n paar kollegas Psalms 123. Die teks begin met dié woorde: "Na U kyk ek op, U wat in die hemel woon." Wat sou dit tog kon beteken om onsself só te oriënteer? Ons ken immers die uitdrukking goed, maar weet ons ook wat word ten diepste hiermee bedoel? Wat impliseer dit nou eintlik as ons die oë na bowe hef? Wat hierná volg, is inderdaad kort en bondig, maar skraal en min is dit beslis nie.

Vers 2 sien die soort opkyk soos volg:

> *"Kyk, soos die oë van slawe gerig is op die hand van hulle eienaar,*
> *soos die oë van 'n slavin gerig is op die hand van haar eienares,*
> *so is ons oë gerig op die Here ons God totdat Hy ons genadig is."*

'n Paar sake word onmiddellik hiermee duidelik. Mag en gesag behoort nie aan ons nie, maar aan God. Anders gestel, wie enigsins te kenne wil gee dat hul opkyk na God wat in die hemel woon, kan by implikasie nie eers daaraan dink om God te wil speel oor ander nie.

Wie opkyk na God, doen dit vanuit die dieptes – en nie die hoogtes nie – van hierdie lewe. Wie wil opkyk na God, breek dus met die neerkyk op ander. Presies dit word dan ook hierna uitgespel. Verse 3b en 4 voltrek die insig van die psalm met die volgende rou emosionele insig:

> *"… ons het meer as genoeg gehad van minagting;*
> *tot in ons diepste wese het ons meer as genoeg gehad van die spotlag van selfvoldane mense, van die minagting deur hooghartiges."*

Daar kan geen twyfel wees nie dat die opkyk na God waarmee ons begin het, volkome wil breek met enige soort van neerkyk op ander. Om in gebed op te kyk na God is by implikasie om ook 'n streep in die sand te trek oor enige vorm van skynbare meerderwaardigheid (hoogmoed en arrogansie) teenoor ander mense. Mense hoef dit nie eens noodwendig te verbaliseer nie, want dit staan tog so duidelik geskryf in die blik waarmee gekyk word. Magsposisies, en soms ook die strewe daarna, ontaard maklik in 'n neerkyk op ander.

Hulle word nie raakgesien vir wie hul regtig is nie, maar in my blik gereduseer en ge-objektiveer tot iets waaroor ek kan heers. Talle mense kan hiervan getuig. Dink maar net aan die verhale van soveel vroue oor die wyse waarop sommige mans na hulle kyk (die sogenaamde *male gaze*). Of, dink maar net aan die manier waarop mense met geld soms na mense kyk wat arm is. Of, daardie wit blik waarmee mense sonder enige kleur kyk na mense met 'n bepaalde kleur. En … en … en …

En tog is dit ook nie so dat daar niemand is wat afkyk in hierdie teks nie. Daar is inderdaad Een wat afkyk (en let wel, nie neersien soos hierbo nie) - en dit is God en daardie blik is op ons almal gerig. Reg in die middel van die psalm word hierdie soort van kyk beskryf met 'n drievoudige geroep na God se genadige blik op ons: "… totdat Hy ons genadig is. Wees ons genadig, Here; wees ons genadig."

Moet ons ons kop in skaamte laat sak oor hoe ons soms na mense kyk (en op hul neersien)?

**Lees meer** »

# ARTIKELS

UIT DIE SINODE | AFRIKA-EKUMENE | ALGEMEEN

VENNOTE IN GETUIENIS

RFF

## Goeie bestuur - die sleutel tot 'n meer volhoubare kerk en kerklike instansies

*Mariëtte Odendaal*




Lees hier »

VENNOTE IN GETUIENIS

AACC-CETA

## *"The love of Christ compels us"*

*Mariëtte Odendaal*




Lees hier »

VENNOTE IN GETUIENIS

Islam

## Hoe om teenoor Moslems, wat aan jou bekend is, te getuig

*Dr Enrico Casaleggio, Vennote in Getuienis*



Lees hier »

AFRIKA-EKUMENE

Malawi

## Ontmoet ons Matie-teologiestudente uit Malawi

*Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk*



Lees hier »

AFRIKA-EKUMENE

Sokkerbediening

## *"Help us move from being churched to being changed."*

*Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk*



Lees hier »

ALGEMEEN

Gemeentegeskiedenis

## NG Gemeente Goedemoed

*Oorgeneem uit*
*© 2023 Gemeentegeskiedenisargief*



Lees hier »

# LETTERS TO A YOUNG THEOLOGIAN

**Henco van der Westhuizen**

*FORTRESS PRESS / AFRICAN SUN MEDIA*
*2022 / ENGELS / SAGTEBAND*




"Geskrywe deur ervare en wyse teoloë wêreldwyd gaan hierdie versameling briewe *"Letters to a young theologian"* jou evangeliese asem behoorlik wegslaan en jou jeugdige nuuskierigheid onuitblusbaar aanwakker oor geloof, teologie, teologiese nadenke en lewenswyses. Die wyd uiteenlopende temas wat diep, veelkantig verweef en gelaagd ter sprake gebring word, is onder andere temas soos menswaardigheid, weerlooseheid, heelheid en heling, verbeelding, openheid, bevryding, andersheid, vreugde. Op etlike verrassende wyses gaan hierdie besprekinge jou skool in teologiese geletterdheid, durf en nederigheid. Boonop gaan die kontekstuele stempels van die skrywers op aangrypende wyses die konkreetheid van jou beliggaamde lesershart hier en nou as adres nie onaangeraak laat nie – want die lees hiervan is nie net maar sommer nog 'n leesgebeure nie, maar weliswaar 'n meesleurende gebeurlikheid. Amper sakramenteel uitnodigend in die gees van die woorde van Augustinus, die 5de eeuse kerkvader uit Afrika: "tolle lege" ('neem en lees")."

**Prof Danie Veldsman**
(Sistematiese Teologie, Universiteit van Pretoria)

**Die e-boek is beskikbaar by**

- *Amazon*
- *African Sun Media*

## MEDIATEEK **INVENTARIS**

Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor.

Navrae | **Anelia van den Blink**
**(051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**


Deel van God
se storie
Amanzi
PRIVATE GAME RESERVE
16 - 18
FEBRUARIE
2024
HEBREËRS 11:1
AANBIEDERS
Dr Nina Müller van Velden
Prof Kobus Schoeman
Gasspreker
BESPREKINGS NOU OOP
BESPREEK HIER:
HTTPS://QKT.IO/UFZL2G
Quicket
EXPERIENCE AWESOME
Vrouekonferensie
vb
VROUEBEDIENING
NG Kerk
Vrystaat


KOUGOM
STUDENTEKAMP 2024
DIE TYD IS NOU
12-15 JANUARIE
R 1000
MOOIGENOEG
KAMPTERREIN
Haal Weer Asem!
Hoor Hoe Die Stem van Jesus Ons Roep,
Soos Lazerus, Uit Die Graf Uit
SKRYF NOU IN!
WWW.KOPANONGCHURCH.ORG/KOUGOM
VIR MEER INLIGTING
www.
KOPANONG
BEDIENING
MEER INLIGTING BY WWW.KOPANONGCHURCH.ORG



# “GOD IS MET ONS OP PAD”

## ‘GLOBAL SCORCHING’

**Oorgeneem** | *VrydagNuus, Kaapkerk*

Tydens ’n onlangse kuier van die Groenspan van Getuienisaksie Wes-Kaap by eko-teoloog David Botha en sy vrou Estelle op Tulbaghweg, het hy onder andere gesels oor **‘global scorching’** (**aardverskroeiing**), die effek van klimaatsverandering, sy hoop in God en ons verantwoordelikheid om as navolgers van Christus meer omgee-mense te word. Kyk na die video HIERONDER.

---

DAVID BOTHA OOR **KLIMAATSVERANDERING**

YouTube | **Kyk hier** »

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

18DE ALGEMENE SINODE 2023

BIRCHWOOD | SONDAG – 15 OKTOBER – TOT VRYDAG – 20 OKTOBER – 2023

# SINODENUUS

## **DEEL DRIE** VAN DRIE

## ***Besluite*** *van die Algemene Sinode*

- Intergodsdienstige Verhoudinge — *Kerkbode 24 Oktober 2023*
- Kategese — *Kerkbode 19 Oktober 2023*
- Evangelisasie — *Kerkbode 18 Oktober 2023*
- Palestina en Israel — *Kerkbode 23 Oktober 2023*
- Jeugbediening — *Kerkbode 19 Oktober 2023*
- Aborsie — *Kerkbode 18 Oktober 2023*
- Roetemerkers — *Kerkbode 23 Oktober 2023*
- Ontwikkeling van nuwe geloofsgemeenskappe — *Kerkbode 18 Oktober 2023*
- Huwelik en Seksualiteit — *Kerkbode 18 Oktober 2023*
- Selfdegeslagverbintenisse — *Kerkbode 20 Oktober 2023*
- Rassisme, Versoening en Geregtigheid — *Kerkbode 18 Oktober 2023*
- Missionale Roeping — *Kerkbode 18 Oktober 2023*

Oorgeneem uit ***Kerkbode***, ***Bybel-Media***, ***NG Kerk***

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

EEN LIGGAAM EN EEN GEES

# HERDERLIKE BRIEF

## ALGEMENE SINODE 2023

*"Gaan voor ons uit, Here"*

HERDERLIKE BRIEF

VIDEO

SINODELIED

LIED SE LIRIEKE




Klik hier




Klik hier




Klik hier




Klik hier




Klik hier




Klik hier





Klik hier




Klik hier




Klik hier


NOU OOP
DURBANVILLE BOEKWINKEL
JOU EENSTOP CHRISTELIKE WINKEL
Gehalte Christelike Boeke, Bybels, Kerklike materiaal, Gesangeboeke, Geloofsvormingsboeke, geskenke en vele meer!
The Village Square, Winkel2VW
Op Wellington Street
(langs Capitec)
Durbanville 7550
063 301 0624
Klik hier


Feesseisoen
PROMOSIE
KOOP HIERDIE EN MEER VIR
R50
OF MINDER
KOOP NOU
Klik hier


Bibles for a rainbow nation!
R179
3-6 years
Afr & Eng
R199
7-10 years
Afr & Eng
R8
each
3-6 years
5 titles
Eng, Set, Xho, Zul
R500
10-14+ years
Afr & Eng
R120
for set (Afr & Eng)
All books sold individually (Afr & Eng) for R25
R150 for Afr
8-12 years
R35
for Eng, Set, Xho, Zul
R120 for Afr
6-10 years
R80 for Eng
R70 for Set, Xho, Zul, Tws, Ped
Klik hier


Nuut op ons rakke
R180
R290
R120
Christ's love
HART
GOD'S STORY
Klik hier


BESKIKBAAR
CLF BOEKWINKELS
Jesus Leef
Die Vrug van die Gees
Die Wapenrusting van God
R12
per stel
baar in Afrikaans en Engels
dit as 'n stel of individueel
nlynwinkel - https://shop.clf.co.za/
wnkels - https://shop.clf.co.za/contact-us/
Epos - order@clf.co.za
Klik hier


Children of God
Tell, tell!
GOD
GOD'S STORY
Geloof
VORMING
Wees gereed vir die nuwe jaar
Koop u materiaal nou!
Vertel my meer Bybel
Klik hier


www.toibo.org.za
Dankie, gemeentes, dat julle bid vir ons matrikulante
RKTE OOK AAN JUL MATRIKULA
MET DIE NSS-EKSAMEN
VANJAAR IS DAAR 103 KANDIDATE MET SPESIALE ONDERWYSBEHOEFTES IN DIE 5 TOIBO-GEASSOSIEERDE SKOLE WAT DIE GEWONE 2023 NSS-EKSAMEN AFLÊ
PRINSHOFSKOOL
TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS
NFO@TOIBO.ORG.ZA 076 143 6961
Klik hier


www.toibo.org.za
Neem kennis asb.
Transoranje Instituut het
nuwe kontakbesonderhede:
Selfoon: 076 143 6961
Epos: info@toibo.org.za
Klik hier


www.toibo.org.za
Matrikulante
TERKTE MET DI
NSS-EKSAMEN
03 KANDIDATE VIR 2023 NSS-EKSAMEN IN DI
5 TOIBO GEASSOSIEERDE SKOLE
PRINSHOFSKOOL
TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITEGEWONE ONDERWYS
Klik hier

CABSA

DIACONIA
GEE VAN JOUSELF | BE A GIVER | YIBA NGUMPHI

# WORLD AIDS DAY

1 DECEMBER

26
NOVEMBER

03
DESEMBER

2023

## Liturgiese riglyne vir Wêreldvigsdag

Die koninkryk van God is naby

Afrikaans | English | Isi Xhosa

REGISTER NOW!

# INFORMATION BROCHURE

# SPIRITUAL DIRECTION REFRESHER COURSE 2024

Everyone who has completed the spiritual direction course since 2006 are invited to enroll for the spiritual direction refresher course.
The refresher course is specifically aimed at people who want to be spiritual directors accredited with the Centre for Spirituality.

**The aim of the refresher course is to:**

- re-ignite our passion for spiritual direction;
- sharpen our skill as spiritual directors; and
- accredit participants as spiritual directors with the Center for Spirituality.

**Requirements during the year of the refresher course:**

- to start or continue your own process of spiritual direction (supervision);
- to practice a daily personal contemplative practice (Centering Prayer); and
- to attend one 3 night guided silent retreat during the year.

## Format of the refresher course:

4 blocks of two days each focused
on equipment and training

19/20 March
*(2 days in person in Pretoria)*
9:00 -15:00
Theme: Faith practices
The A-Z of spiritual direction
Spiritual Direction in Practice

18/19 June
*(2 mornings on zoom)*
9:00 – 13:00
Theme: The A-Z of spiritual direction
Spiritual Direction in Practice

20/21 August
*(2 mornings on zoom)*
9:00-13:00
Theme: Image of God and view of Scripture
Spiritual Direction in Practice

22/23 October
*(2 days in person in Pretoria)*
9:00-15:00
Theme: Discernment and Vocation
Spiritual Direction in Practice

LEARN MORE

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE

Excelsus
SENTRUM VIR BEDIENINGSONTWIKKELING

## NUUT Om sinvol af te tree

VBO FORUM

**30 - 31 Januarie 2024** | 'n Werkswinkel vir predikante in die afrondingsfase van hulle bediening met die tema: *"Daar is lewe vóór én ná aftrede"*. Die Aftredekursus word te NG Kerk Suidoos-Pretoria (Stellastraat) aangebied deur Petrus Moolman, Johan Pienaar, Faure Louw, Martin Lazenby en Theo Smith. Koste: R750 | VBO: 20 punte | Sluitingsdatum: 25 Januarie 2024. Navrae @ Rika by excelsus@up.ac.za

Lees meer + Registreer +

## Dié kursusse open nuwe deure

VBO FORUM

Elk van hierdie kursusse bevat 12 sub-temas en studente kan enige tyd van die jaar registreer. Al die kursusse word via afstandonderrig aangebied. Leraars ontvang 55 VBO-punte vir elke kursus en 20 punte vir lede van CPSC (Beradersvereniging). Ná suksesvolle voltooiing van enige van dié Jaarkursusse kan daar ook aansoek gedoen word vir amptelike registrasie as Pastorale Berader by CPSC. Die kursusse kan ook as krediete dien vir verdere studie. Studente kan in enige stadium van die jaar registreer. Navrae @ 083 660 0409 / e-posadres: wentzelc@gmail.com

Lees meer +

## Inleiding tot Emosionele Logika

VBO FORUM

Voel jy kwaad en magteloos oor beurtkrag? Ontdek die logika van jou emosies.

Lees meer + Registreer +

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

NUUSBRIEWE | PUBLIKASIES | BROKKIES UIT KERKBODE



Nuuswenke oor lidmate, gemeentes of ringe wat uit die boks dink om ʻn verskil in hul omgewing te maak, is baie welkom.

E-pos: helene@bmedia.co.za

Bybel-Media

**Publikasie**
*Polsslag*

**Loer hier** »

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

Bybel-Media

**Publikasie**
*God nooi jou: Gespreksgids*

**Loer hier** »

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

Bybel-Media

**Publikasie**
*God nooi jou: Leiersgids*

**Loer hier** »

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

## BROKKIES UIT kerkbode

**Tamaaie Kersbome oortrek met wollappies skyn lig van hoop en vreugde** »

*Kerkbode / 22 November 2023*
*Hoopstories / Heléne Meissenheimer*

ELDERS GESIEN
**Herderlike brief van die Algemene Sinode 2023: ‘Gaan voor ons uit, Here’** »

*Kerkbode / 22 November 2023 / Nuus*
*Jan Lubbe*

**Jan Lubbe skryf: Die ware kerk in wording: Een, heilig, katoliek** »

*Kerkbode / 16 November 2023*
*Jan Lubbe / Op die kerkstoep, Rubrieke*

ELDERS GELEES
**‘Ons kyk met ’n swaar hart na die Heilige Land’ – WRK oor Israel-Hamas-oorlog** »

*Kerkbode / 16 November 2023 / Nuus*
*Nuus uit die buiteland*

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

**Nuut**

## GEMEENTEGEBEURE

**Kalender** | Belangrike datums

**2023**

**ADVERTEER AANLYN HIER**

of stuur 'n e-pos aan skakel@ngkvs.co.za

**www.ngkerkvrystaat.co.za**

## VAKATURES

NG Kerk Vrystaat

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

## VAKATURES

kerkbode

woes@mweb.co.za | **023 342 6030**

## AFLOS

NG Kerk

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

# Predikantenuus

VRYSTAAT

Stuur enige **amptelike Predikantenuus** na **skakel@ngkvs.co.za**

# VERJAARSDAE




## DESEMBER

| | |
|---|---|
| 01 | Ds Hendrik Conradie<br>**VIRGINIA-WES** |
| 01 | Ds Francois Lamprecht<br>**PELLISSIER** |
| 02 | Dr Enrico Casaleggio<br>**FICHARDTPARK** |
| 02 | Ds Attie Steyn<br>**PELLISSIER** |
| 03 | Ds Werner Klindt<br>**LADYBRAND-NOORD** |
| 05 | Mev Nicolene Gouws<br>**SINODALE KERKKANTOOR** |

# DIE VERLORE SKAPIE

deur MARTIN SCHWELLA




## Die Wapenrusting van God

“Welkom terug in Blêrfontein! Dit is Sondag hier en al die diere is in die kerk, gereed vir die diens om te begin. Leon en Tjoppie sit heel voor, hulle is vreeslik opgewonde oor vandag se diens, want dit gaan oor die Wapenrusting van God.

Net ná die lofgesange kry Leon die grootste verrassing. Die dominee neem sy plek in, gereed om die Woord te bedien. Wie sou kon raai? Die dominee is niemand anders as Armach Breytenblaf nie. Leon kan sy oë nie glo nie, eers tannie Êna op die orrel en toe vind hy uit dat sy held, die een wat hom gered het uit Jan Jakkals se kloue, die dominee van NG Kerk Blêrfontein is! En nog beter, hierdie held gaan vandag vir hulle leer oor die Wapenrusting van God. Leon glimlag breed en spits sy oortjies.

“Goeiemôre Blêrfontein” groet ds Armach die gemeente vanaf die preekstoel. Hy sien vir Leon en groet hom met ‘n knip-oog voordat hy aangaan. “Vandag praat ons oor ‘n baie belangrike tema. Dit is iets wat julle ter harte moet neem en toepas” gaan ds Armach voort. Almal is ene ore en luister aandagtig na elke woord. Leon luister ook mooi, maar toe begin hy weereens bietjie droom ...

... Leon vind homself vinnig in sy verbeeldingswêreld!



Leon sien homself as ‘n magtige krygsman! ‘n Soldaat vir die Herder! Of ten minste is dit wat in sy verbeelding afspeel terwyl hy eintlik moet luister na die boodskap. Terwyl ds Armach preek, lys hy die wapenrusting aan die gemeente en so sien Leon homself ook geklee, stuk vir stuk, in dié wapenuitrusting soos wat hy dit hoor.

Op sy kop is die Helm van Verlossing, aan sy bors dra hy die Borsplaat van Geregtigheid. Dan, om Leon se middel, is die Gordel van Waarheid en aan sy voete is die Skoene van Bereidwilligheid! Natuurlik benodig elke krygsman ‘n wapen en beskerming. Daarvoor het hy die Skild van Geloof en in sy ander poot, die Swaard van die Woord! Leon sien homself nou ten volle geklee.

Dié soldaatjie is gereed...

**Lees meer hier, my BLÊR**

TEKS: **MATTEUS 5:16** (AFR83)

**Ds Cobus Hamman**
Ondervoorsitter van die Kuratorium en leraar van NG Gemeente Bainsvlei

# Luisterende profete op hul **wagpos**

*1 "Op my **wagpos** wil ek gaan staan; ek wil stelling inneem op die **vestingmuur**, op die **uitkyk** wees om agter te kom wat Hy vir my gaan sê en wat ek mense moet antwoord oor my verwyt."*

**HABAKUK 2:1 AFR20**

Die profeet Habakuk worstel met God se (skynbare) afwesigheid in die lewe van die volk Juda. Hy sukkel om die ongeregtigheid van die mense en die geregtigheid van God bymekaar uit te bring. Wanneer God wel op Habakuk se smeekgebede reageer, is die antwoord beslis nie dít waarop Habakuk gehoop het nie. God se onverstaanbare optrede los geensins sy geloofsprobleem op nie. En tog ...

'n Spirituele lees van die boek Habakuk benadruk die transformasie wat in die profeet se geloofslewe plaasvind – transformasie van *wanhoop* na *vertroue* (lees "lewe" in 2:4b). In ons soeke na die "sleutel" wat tot hierdie transformasie lei, is dit opvallend dat die antwoord nie in 'n persoon lê nie. Geen biografiese- of roepingsbesonderhede word vermeld (soos wat by baie ander profetiese boeke die geval is) nie.

Van die *persoon* Habakuk word daar bykans niks gesê nie. Maar van sy *verhouding met God* word daar baie gesê.

Reeds van die tweede vers af leer ken ons Habakuk as iemand wat intens tot God bid en wat in sy verhouding met God worstel met die moeilike geloofsvrae van die lewe. En dít is regdeur die boek sy houding.

**Lees meer** »



Foto: **Ds Cobus Hamman**

NG Kerk
Vrystaat

# 2024
# STUDENTE BEURSAANSOEKE
# NOU OOP!

DOEN AANSOEK

**KONTAK ONS**
Tertius Botha

(051) 406 6700
tbotha@ngkvs.co.za
ngkerkvrystaat.co.za

Aansoeke sluit
**31 JANUARIE 2024**

# KONTAK ONS

REDAKSIE

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

Nuusgebeure | Bydraes | Inligting
voor 12:00 Dinsdae na
cmclean@ngkvs.co.za



# Samestellers

Celicia McLean (Redaksioneel)
**cmclean@ngkvs.co.za**

Carlie Niehaus
**carlie@ngkvs.co.za**

**skakel@ngkvs.co.za**

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg | Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

NGKERKVRYSTAAT.CO.ZA

Teken in op **VRYPOS** | Kanselleer **VRYPOS**

© 2023 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**

**DOEN JY ADMINISTRASIE? HIERDIE IS VIR JOU!**

**ALLE** SKRIBAS | GEMEENTEBESTUURDERS | KERKKANTOORPERSONEEL
**NUWE PERSONEEL**

# SKRIBA OPLEIDING



## TERTIUS BOTHA

Fasiliteerder

NG Kerk
Vrystaat

’n Inleidende kursus wat jou blootstel aan die Sinodale kantoor en werksaamhede. Ons kyk na praktiese aspekte vir elke dag se werk in die kantoor.

## STEL JY BELANG?

**kontak Tertius vandag nog**

**VIR MEER INLIGTING** (051) 406 6700 tbotha@ngkvs.co.za



NG Kerk
Vrystaat

NG KERK VRYSTAAT | © **2023**
Departement Kommunikasie en Bemarking